Fietskunde (a)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die belangrikheid van **veilige** fietsry te laat besef.
2. Die genot van fietsry (in die natuur) te laat ervaar.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die voordele en nadele van 'n fiets as voertuig bespreek.
2. Kennis dra van die volgende:
   - Die korrekte grootte van die fiets.
   - Toerusting wat gebruik kan word (valhelm verpligtend).
3. Die vereistes ken om 'n fiets padwaardig te maak.
4. Die padreëls vir fietsryers ken.
5. Die gevare verbonde aan fietsry ken:
   - Die sigbaarheid van 'n fietsryer.
   - Die rol van die weersomstandighede.
   - Die padoppervlakte.
   - Stilstaande gevare.
   - Bewegende gevare.
   - Spoed en afstand.
6. Die verskillende dele van die fiets ken asook die korrekte Afrikaanse benaminge daarvoor gebruik.
7. Die bande versorg en kan vervang.
8. Die fiets olie, die ketting opsit en 'n wiel vervang.
9. Weet wat om te doen ingeval van 'n ongeluk.
10. 'n Fietsrit van vyf kilometer onderneem.

C AANBIEDING

1. Reël met 'n persoon by 'n fietswinkel om die teorie van vereistes 1 tot 4 en 7 oor te dra.
2. Reël met 'n persoon by die verkeersafdeling om te help met vereistes 5, 6 en 10.
3. Die versorging van die fiets by vereistes 8 en 9, kan in ‘n groep gedoen word waar elkeen sy eie fiets versorg.
4. Vereiste 11. Die tyd wat die 5 kilometer rit neem, is ingesluit by die vereiste tyd vir die spesialisasie.
5. Die Offisier moet die volgende reëlings tref voordat die rit onderneem word:
   - Die datum vasstel.
   - Die roete bepaal.
   - Toestemming (vrywaringsbrief L11) van ouers en kommandodagbestuur verkry.
   - Betyds toestemming van die betrokke verkeersowerheid verkry.
   - Sorg dat 'n bystandsvoertuig saamgaan.
   - Vir verversings sorg.
   - Vir noodhulp reël (vir mense en fietse).
   - Iets besonders en verblyf aan die eindpunt reël.